HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

10 Mei 2024

OMSENDBRIEF 16/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Selfoongebruik: Ouers, neem asseblief ten minste elke tweede dag u kind se selfoon en KYK wat daarop aangaan.** Ek sien te veel skokkende voorbeelde van boodskappe en foto's wat leerders op selfone en op WhatsApp vir mekaar en in groepe stuur, selfs jong laerskoolkinders. Pornografiese materiaal en boeliegedrag op selfone by die skool kan tot onmiddellike skorsing lei volgens ons skool se gedragskode. **Dit is u as ouer se verantwoordelikheid** om u kind se gedrag op 'n selfoon te monitor en te beheer. Community Keepers begin ook binnekort met 'n bewusmakingsveldtog by ons skool oor die gevare van sosiale media en verantwoordelike selfoongebruik.

2. **Skoolinskrywings 2025:** Aansoeke vir graad 1 en graad 8 vir 2025 word tans deur die skool en die Onderwysdepartement verwerk. Ouers sal vanaf 29 Mei by die SMS-nommer en e-posadres wat tydens aansoek gegee is in kennis gestel word van die uitslag van hul aansoek. Let daarop dat 'n SMS-boodskap wat deur die departement gestuur word wat sê: "U aansoek is suksesvol ontvang", slegs beteken dat die aansoek volledig op die stelsel gelaai is en nog nie beteken dat u kind plasing gekry het nie.

3. **Mnr. en Mej. HSB:** Dinsdagaand is die nuwe Mnr. en Mej. HSB, asook kategoriewenners, by 'n glansgeleentheid in die hoërskoolsaal aangekondig. Welgedaan aan al die deelnemers, organiseerders en beoordelaars wat gehelp het om so 'n spoggerige aand aan te bied. Ons sê baie geluk aan die volgende leerders:
    - Mej. HSB: **Le-Shay Swanepoel**
    - Mnr. HSB: **Vanwyk de Wet**
    - Eerste Prinses: **Mareli Jordaan**
    - Tweede Prinses: **Leila-Rose Thomas**
    - Eerste Prins: **Theno Paulse**
    - Tweede Prins: **Kyle Kuhn**
    - Mej. Persoonlikheid: **Shamsunicia Stalmeester**
    - Mnr. Persoonlikheid: **Janivan Hartzenberg**
    - Mej. Fotogenies: **Jada-Lee Lagorie**
    - Crowd-favourite: **Enzo Toorn**

4. **Gebedsgroep:** Die skool se jeugmentors het besluit om 'n ouergebedsgroep te begin. Hiermee word alle ouers van HSB uitgenooi om **Vrydagoggende 9:00** in die mediasentrum by die hoërskool saam met ons skool se jeugmentors en ander gelowige ouers te kom bid. Ons kinders, gesinne en onderwysers het gebed nodig en u kan help om saam, as span, vir elkeen van hulle te kom bid. Jakobus 5:16b: "...Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Kontak gerus vir Rian Boshoff of Sunel de Beer vir enige navrae.

5. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

6. **Laerskool Montagu Sportdag-uitslae**: Die laerskoolleerders het Saterdag aan die Montagu Sportdag deelgeneem. Dit was 'n heerlike dag en 'n klomp van ons spanne het baie goed gevaar. Montagu se Sportdagreëls het bepaal dat o.7 – o.9-netbal nie telling hou nie, en net vir die pret speel. Daarom begin ons tellings vir netbal eers by o.10. Ons speel volgende week teen Laerskool Ashton en volgende Saterdag neem ons deel aan die Swellendam Sportdag.

Netbal				
SPAN	**TEEN**	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/ VERLOOR**
10 B	Montagu	4	1	W
	Ashton	3	3	G
10 A	Montagu	6	11	V
	Wynland	4	10	V
11 B	Swellendam	7	2	W
	Overberg	9	0	W
11 A	Overberg	6	4	W
	Robertson	4	10	V
12 B	Robertson	2	6	V
	Kleinmond	10	1	W
12 A	Wynland	7	8	V
	Robertson	1	16	V
13 B	Montagu	5	4	W
	Swellendam	1	6	V
13 A	Ashton	17	10	W
	Montagu	15	8	W

Rugby				
SPAN	**TEEN**	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/ VERLOOR**
7	Montagu	2	2	G
	Swellendam	3	5	V
8 B	Montagu	3	4	V
	Robertson	3	5	V
8 A	Montagu	5	3	W
	Overberg	5	3	W
9	Montagu	0	5	V
	Ashton	0	5	V
11	Montagu	5	5	G
	Ashton	55	5	W
13	Ashton	15	0	W
	Kleinmond	0	0	G

7. **Hoërskool-sportuitslae:** Die netbalwedstryde teen Hoërskool Labori op Saterdag 4 Mei het ongelukkig uitgereën. Ons rugbyspanne het gesukkel met die glibberige bal, maar sterk veggees gewys:

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
15 A	5	10	V
17 A	7	5	W
19 A	0	20	V

8. **MySchool**: Ouers en Bonnievalers, u kan geld vir die skool skenk sonder dat dit u 'n sent kos. Registreer vir 'n MySchool-kaart by enige Woolworths en Builders-tak of by www.myschool.co.za en kies "Hoërskool Bonnievale" as begunstigde. Vir enige aankope wat u by Woolworths, Builders, Engen en loot.co.za maak, kry die skool 'n persentasie van die bedrag.

9. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Sa. 11 Mei	Hoërskoolsport vs. HS Bredasdorp (weg)
So. 12 Mei	Moedersdag
Di. 14 Mei	Skoolfoto's (gr. 5 tot 12-leerders moet korrek in wintersdrag geklee wees, insluitend 'n skoolbaadjie en das) O.O.K.-vergadering 17:30
Wo. 15 Mei	Skaak vs. HS Robertson (weg) SBL Koshuiskomitee vergader 18:00
Do. 16 Mei	Laerskoolsport vs. LS Ashton (weg)
Sa. 18 Mei	Hoërskoolsport vs. Langeberg Sekondêr (weg) Langeberg Landloopbyeenkoms te HS Bonnievale Laerskool Swellendam Sportdag Engelsredenaars te Montagu Museum

Ma. 20 Mei	Beheerliggaam vergader met ouers wat agterstallige skoolfonds het (uitnodigings word na die betrokke ouers gestuur vanaf die finansiële kantoor)
Wo. 22 Mei	Skoolhoofde-opleiding by CTLI te Kuilsrivier
Do. 23 Mei	Laerskoolsport vs. Dagbreek Primêr (tuis) Skoolhoofde-opleiding by CTLI te Kuilsrivier
Sa. 25 Mei	HSB Gholfdag te Bonnievale Gholfklub (inskrywings by B. Stemmet 062 414 4929 of bemarking@hsbonnievale.co.za)
Ma. 27 Mei	SBL Finansiële Komitee vergader 16:00
Di. 28 Mei	SBL-vergadering 19:00
Wo. 29 Mei	Verkiesingsdag (Skool gesluit)

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

Hoe moet ‘n vrou se hart wees om mooi te wees?
Kalimbo, die ou spoorsnyer in die jagveld van Afrika
het geantwoord:
“Om mooi te wees, moet die hart van die vrou 3 dinge wees:”
“Dit moet wees soos die gras wat deur die diere afgevreet word,
maar altyd weer groei. G’n seer moet dit doodmaak nie.”
“Dit moet wees soos ‘n fontein wat deur die diere vaal getrap
word, maar daarna altyd weer helder word. Geen man moet
sy modderspore daarin agterlaat nie.”
“Dit moet wees soos die rooidag, wat elke môre die donker
nag oorwin. Geen swaarkry moet dit kan doodkry nie.”

P.J. Schoeman – *Waar ver winde waai*

‘n Geseënde moedersdag vir elke moeder van ons skool wat vir julle kinders so baie liefde en geleenthede gee. Geen man se krag kom naby die krag van ‘n liefdevolle moeder nie.

MOTHER'S DAY
arena
RESTAURANT & LOUNGE
079 790 3741
Mother's Day
Lunch
Sunday 12 May
3-Course Meal
Starters
CREAMY CHICKEN VEGETABLE SOUP
Home made and served with baguette slices
or
6 JALAPENO POPPER BALLS
Served with Salsa and Cream Cheese
or
CHICKEN LIVERS
Sauteed in sherry onions and mixed herbs and peri – peri or cream
Served with baguette slices
Mains
200G SIRLOIN STEAK
Served with season vegetables and pumpkin fritters and Roasted potatoes
or
PORK LION RIBS
400g Pork loin Ribs in a sticky BBQ sauce served with deep fried onion rings, season-vegetables, pumpkin fritters and Roasted potatoes
or
SEAFOOD PASTA
Italian inspired creamy seafood dish with mussel meat, prawn meat, half-shell mussels, calamari and garlic sautéed in White wine and herbs. Served with Penne Pasta and 2 Tiger Prawns.
or
CHICKEN SCHNITZEL
Double Panko-Fried Chicken Fillets
Served with Season-vegetables, pumpkin fritters and Roasted potatoes
Dessert
NUTTY-CHOC CHEESECAKE
Served with Ice-cream
or
PEPPERMINT CRISP TART
Deliciously creamy tart with layers of crackers and caramel, infused with mint- flavoured cracknels. Served with Ice-cream
or
CHOCOLATE BROWNIES
Served with Ice-cream
BOOK NOW
Limited Seating
12:00 - 14:00
Complimentary
FREE GIFT
to every Mom
ARENA BEAUTY SPA VOUCHER
arena
BEAUTY SPA
Only
R290
p/p
079 790 3741
outdoorarena1@gmail.com

MAY
MONTHY SPECIALS
01 MAY - 31 MAY
arena
RESTAURANT & LOUNGE
Family Meal
100% Beef Burger
Large BBQ Chicken Pizza
Crispy Chicken Basket & Chips
Peppermint Crisp Tart
R249
MOVIE NIGHT
Steak Basket & Chips
2 x Chicken Sliders
2 x Corndogs
6 Piece Nuggets & Chips
R195
MEGA MEAL PLUS
R159 each
Arena Beef Burger & Chips
Footlong Steak Gatsby
Outdoor Chicken Burger & Chips
Double Deal
R149 each
ANY Large Pizza + Chicken Tortilla
Beef + Grilled Chicken Burger & Chips
FREE Kettle Fries & Cold Drink with every Meal Deal
* While Stocks Last
We Deliver!
079 790 3741
Scan to see our Menu's